higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1660**(A)**(N26)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N6

(22030126)

26 November 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00

OOPBOEKEKSAMEN

Kandidate word toegelaat om studenteportefeuljes, notas en take/projekte, voorgeskrewe handboek(e), 'n atlas, 'n woordeboek, kaarte, reisgidse, brosjures en 'n GSA van Februarie 2017/18 in die eksamenlokaal in te neem.

Kandidate is geregtig op leestyd van 15 minute.

Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en vyf bylaes van 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
TOERISTEBESTEMMINGS N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Alle werk wat jy nie wil laat nasien nie, moet duidelik deurgehaal word.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Die vraestel bestaan uit VYF afdelings.

   1.1 AFDELING A: Is VERPLIGTEND en bestaan uit 'n totaal van 50 punte.

   1.2 AFDELING B: Kies TWEE van die vyf lande om die vrae in VRAAG 2.1 te beantwoord.
   Kies slegs TWEE van die vyf lande in VRAAG 2.2.
   AFDELING B tel 50 punte.

   1.3 AFDELING C: Kies EEN van die vier lande vir 30 punte.

   1.4 AFDELING D: Kies EEN van die drie lande vir 30 punte.

   1.5 Al die vrae in AFDELING E is verpligtend vir 'n totaal van 40 punte.

2. Lees AL die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Skryf die VRAAGNOMMER sowel as die LAND in HOOFLETTERS BO-AAN ELKE bladsy.

5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1: VERENIGDE KONINKRYK EN REPUBLIEK VAN IERLAND

1.1 Bestudeer die lys attraksies, bestemmings en geleenthede hier onder.

Kies uit die lys een wat by elk van die volgende stellings pas.

Parlementsgebou	Oxford	Chalice Well	Dover-kasteel
Windermere	Londen-oog	Chester	Wells
Londense Tower	Shambles	Millennium-brug	St Ives
Hyde Park Corner	York	Exmoor	Canterbury
Stratford-upon-Avon	Stonehenge	York Munster (‘Minster’)	Land’s End

1.1.1 Die eerste nuwe brug oor die Teems-rivier in Londen

1.1.2 'n 135 m hoë Ferris-wiel, 'n ikoniese landmerk in Londen se stadsprofiel

1.1.3 Is in die verlede gebruik as 'n koninklike verblyf, skatkamer, munt, wapenmagasyn en tronk

1.1.4 Gotiese gebou wat amptelik die Westminster-paleis genoem word

1.1.5 Bekende plek waar enige persoon 'n openbare toespraak oor enige onderwerp vir verbygangers kan hou

1.1.6 Kasteel wat indrukwekkende uitsigte oor die Engelse Kanaal bied

1.1.7 Is die vernaamste trekpleister vir besoekers in Kent, en 'n gunstelingkatedraalstad

1.1.8 Ring van monolitiese klippe

1.1.9 Ook bekend as die Rooi Fontein ('Red Spring') in die Chalice-tuine

1.1.10 Skilderagtige dorp wat as Engeland se kleinste stad bekend staan

1.1.11 Is een van die kleinste nasionale parke in die land geleë op die grens van Devon

1.1.12 Die gewilde vakansie-oord wat aan die suidwestelike punt van Cornwall geleë is

1.1.13 Brittanje se mees westelike punt

1.1.14 Die tuiste van Engeland se oudste universiteit

1.1.15 Shakespeare se geboorteplek

Kopiereg voorbehou

1.1.16 Plattelandse dorp aan die Dee-rivier

1.1.17 Noord-Europa se grootste Gotiese Katedraal

1.1.18 Hoofstad van die Antieke Vikings op Britse grondgebied, genaamd Jorvik

1.1.19 Grootste meer in die Merestreek ('Lake District') Nasionale Park

1.1.20 Smal, middeleeuse straatjie in Europa, uitgelê met keistene, wat die meeste besoek word

(20 × 2) (40)

1.2 Bespreek hoekom die volgende attraksies die moeite werd is om te besoek.

1.2.1 York Munster ('York Minster')

1.2.2 Stonehenge

1.2.3 Dover-kasteel

1.2.4 Canterbury-katedraal

1.2.5 Exmoor Nasionale Park

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: WES-EUROPA (FRANKRYK, DUITSLAND, SWITSERLAND, OOSTENRYK EN BENELUX)

VRAAG 2

- Begin hierdie vraag op 'n NUWE bladsy.
- VRAAG 2.1 is VERPLIGTEND
- Kies TWEE (VRAAG 2.2 – VRAAG 2.6) Wes-Europese lande uit dié VYF wat in AFDELING B hier bo gegee word.

2.1 **KAARTWERK VIR EUROPA (VERPLIGTEND)**

Gebruik die gegewe kaart van Europa (aangeheg as BYLAE A) as 'n bykomende hulpbron, saam met jou EIE hulpbronne, om die volgende nommers op die blanko kaart (aangeheg as BYLAE B) te identifiseer.

2.1.1 Identifiseer die oseaan by no. 1.

2.1.2 Identifiseer die see by no. 2.

2.1.3 Identifiseer die bergreeks by no. 3.

2.1.4 Identifiseer die stad by no. 4.

2.1.5 Identifiseer die stad by no. 5.

2.1.6 Identifiseer die kanaal by no. 6.

2.1.7 Identifiseer die bergpiek by no. 7.

2.1.8 Identifiseer die rivier by no. 8.

2.1.9 Identifiseer die stad by no. 9.

2.1.10 Identifiseer die stad by no. 10.

(10 × 1) (10)

Kies TWEE (2.2–2.6) van die VYF Wes-Europese lande.

2.2 **FRANKRYK**

Bestudeer die lys attraksies in 2.2.1–2.2.5 en beantwoord die vrae wat daarop volg.

2.2.1 Orsay-museum

2.2.2 Cannes

2.2.3 Blois

2.2.4 St Tropez

2.2.5 Louvre-museum

A Noem die dorp, stad of streek waar elk van die attraksies hier bo geleë is. (5)

B Maak aanbevelings oor hoekom die toeris elke attraksie moet besoek. Sluit DRIE feite per aanbeveling in. (15)

Formatteer die antwoorde soos hier onder gedemonstreer. 2.2.1 A] * B] – – –

(20)

EN/OF

DUITSLAND

2.3 Bestudeer die lys attraksies in 2.3.1–2.3.5 en beantwoord die vrae wat daarop volg.

2.3.1 Alexanderplatz

2.3.2 Babelsberg-filmtemapark

2.3.3 Kurfurstendamm

2.3.4 Franconia

2.3.5 Marienplatz

A Noem die voorgeskrewe dorp, stad of streek waar elk van die attraksies hier bo geleë is. (5)

B Maak aanbevelings oor hoekom die toeris elke attraksie moet besoek. Sluit DRIE feite per aanbeveling in. (15)

Formatteer die antwoorde soos hier onder gedemonstreer.

2.3.1 A] *
B] –
–
–

(20)

EN/OF

2.4 **SWITSERLAND**

Bestudeer die lys attraksies in 2.4.1–2.4.5 en beantwoord die vrae wat daarop volg.

2.4.1 Jardin Anglias

2.4.2 Gruyere

2.4.3 Grossmunster

2.4.4 Zermatt

2.4.5 Chateau De Chillon

A Noem die voorgeskrewe dorp, stad of streek waar elk van die attraksies hier bo geleë is. (5)

B Maak aanbevelings oor hoekom die toeris elke attraksie moet besoek. Sluit DRIE feite per aanbeveling in. (15)

Formatteer die antwoorde soos hier onder gedemonstreer. 2.4.1 A] * B] – – –

(20)

EN/OF

2.5 **OOSTENRYK**

Bestudeer die lys attraksies in 2.5.1–2.5.5 en beantwoord die vrae wat daaop volg.

2.5.1 Ringstrasse

2.5.2 Wachau-vallei

2.5.3 Residenz

2.5.4 Kitzbuhel

2.5.5 Hofberg

A Noem die voorgeskrewe dorp, stad of streek waar elk van die attraksies hier bo geleë is. (5)

B Maak aanbevelings aan die toeris oor hoekom elke attraksie besoek moet word. Sluit DRIE feite per aanbeveling in. (15)

Formatteer die antwoorde soos hier onder gedemonstreer. 2.5.1 A] * B] – – –

(20)

EN/OF

2.6 BENELUX

Bestudeer die lys attraksies in 2.6.1–2.6.5 en beantwoord die volgende vrae:

2.6.1 Place du Grand Sablon

2.6.2 Oude Kerk

2.6.3 Van Gogh-museum

2.6.4 Keukenhof-tuine

2.6.5 Place d'Armes

A Noem die voorgeskrewe dorp, stad of streek waar elk van die attraksies hier bo geleë is. (5)

B Maak aanbevelings aan die toeris oor hoekom elke attraksie besoek moet word. Sluit DRIE feite per aanbeveling in. (15)

Formatteer die antwoorde soos hier onder gedemonstreer.

2.6.1 A] *
B] –
–
–

(20)

(10 + 20 + 20) **[50]**

TOTAAL AFDELING B: 50

AFDELING C: SUID-EUROPA (PORTUGAL, SPANJE, ITALIË EN GRIEKELAND)

VRAAG 3

Kies EEN van die vier lande in Suid-Europa wat jy bestudeer het en beantwoord die vrae vir die land wat gekies is. Skryf die land van jou keuse in HOOFLETTERS bo-aan 'n NUWE bladsy.

3.1 **PORTUGAL**

3.1(A) Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Piri Piri	A	FAO
3.1.2	Sopa de Marisco	B	spesiale kaartjie vir groepe van 10 of meer
3.1.3	Faro-lughawe	C	hoogste landmerk in Oporto
3.1.4	Alfa	D	Lissabon se middeleeuse buurt, wat die 1755-aardbewing oorleef het
3.1.5	Bilhetes du Grupo	E	koppie swart espresso
3.1.6	Alfama	F	klein, skerp brandrissies
3.1.7	Olhao	G	besige markdorp en oord in die Algarve
3.1.8	Torres Dos Clerigos	H	UNESCO-tronktoring
3.1.9	Torre de Belem	I	skulpvissop wat met wyn gemaak en voorgesit word
3.1.10	Albufeiras	J	Eurotonnel
		K	grootste vissershawe in die Algarve
		L	hoëspoedtrein tussen Lissabon and Porto

(10 × 2) (20)

3.1(B) Bestudeer die volgende attraksies en gee 'n rede hoekom toeriste hierdie terreine of bestemmings moet besoek.

(a) Tivara

(b) Castelo dos Mouros

(c) Gulbenkain Foundation

(d) Monte Gordo

(e) Praia de Rocha

(5 × 2) (10)

OF

3.2 **SPANJE**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.2(A)

KOLOM A		KOLOM B	
3.2.1	Mallorca	A	BCN
3.2.2	Cerveza	B	tuiste van die hoogste wolkekrabber in Madrid
3.2.3	Barcelona	C	Europa se mees onkonvensionele kerk
3.2.4	Die AVE	D	museum wat 'n versameling van El Greco se werke bevat
3.2.5	Plaza de Espania	E	word in 'n moderne gebou gehuisves
3.2.6	Casa-Mueso de El Greco	F	een van die Baleariese eilande
3.2.7	Die Ramblas	G	bulgeveg-museum
3.2.8	Sagrada Familia	H	'n soort dans, 'n artistieke uitdrukking van die vreugdes en hartseer van die lewe
3.2.9	Flamenco	I	middelpunt van die volk
3.2.10	Museo Taurino	J	'n lagertipe bier
		K	gewilde straat met blommemarkte, straatkunstenaars en winkels
		L	hoësnelheidsroete (hoëspoedtrein) tussen Madrid en Barcelona

(10 × 2) (10)

3.2(B) Bestudeer die volgende attraksies en gee 'n rede hoekom toeriste hierdie terreine of bestemmings moet besoek.

(a) Plaza Mayor

(b) Barcelona-katedraal

(c) Alhambra

(d) Mallorca

(e) Museu de Picasso

(5 × 2) (10)

OF

3.3 **ITALIË**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.3.1–3.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.3(A)

	KOLOM A		**KOLOM B**
3.3.1	Canneloni	A	Marco Polo
3.3.2	Alitalia	B	gooi 'n munt om te verseker dat jy na die stad sal terugkeer
3.3.3	Venesië-lughawe	C	'n groep klein eilande wat met brûe verbind is
3.3.4	Italiaanse Staatspoorweë	D	huisves van die Renaissance se grootste kuns in Florence
3.3.5	Trevi-fontein	E	agtergrond van Shakespeare se Romeo en Juliet
3.3.6	Uffizi	F	pasta gestop met vleis, kalfsharsings, spinasie, eier en kaas
3.3.7	Canale Grande	G	gewild vir sy spa's en warmwaterbronne
3.3.8	Murano	H	Italië se modehoofstad
3.3.9	Milaan	I	tradisionele vorm van vervoer
3.3.10	Merano	J	AZ
		K	die mooiste straat in die wêreld
		L	FS

(10 × 2) (20)

3.3(B) Bestudeer die volgende attraksies en gee 'n rede hoekom toeriste hierdie terreine of bestemmings moet besoek.

(a) Pisa

(b) Santa Maria Del Fiore – (Duomo)

(c) Spaanse Trappe ('Spanish Steps')

(d) Verona

(e) Pompeji ('Pompeii')

(5 × 2) (10)

OF

3.4 **GRIEKELAND**

Kies 'n beskrywing uit KOLOM B om by 'n item in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.4.1–3.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.4(A)

KOLOM A		KOLOM B	
3.4.1	Moesaka	A	(SKG) Masedonië
3.4.2	Loukoumades	B	elegante sentrum in moderne Athene met ontwerpersboetieks en eksklusiewe restaurante
3.4.3	Thessaloniki-lughawe	C	lê suid van Athene en oos van die Peloponnese
3.4.4	Plaka	D	'n hoogs ontwikkelde toeriste-gebied, met die kus wat strek van Piraeus tot by Kaap Sounio
3.4.5	Kolonaki	E	Zorba se Eiland
3.4.6	Apollo-kus	F	eiervrugkasserol met gemaalde lamsvleis, kaneel, rooiwyn en olyfolie
3.4.7	Euboea	G	groep van 12 eilande, die Dodekanesos, geleë oos van die Peloponnese, naby Turkye
3.4.8	Saroniese Eilande	H	die mooiste eiland, wat ook as Thira bekend staan
3.4.9	Santorini	I	gevulde druiweblare
3.4.10	Rhodos	J	heuningdeurdrenkte deegpoffertjies
		K	ná Kreta die tweedegrootste eiland in Griekeland
		L	ou buurt van Athene wat verspreid om die Akropolis lê

(10 × 2) (20)

3.4(B) Bestudeer die volgende attraksies en gee 'n rede hoekom toeriste hierdie terreine of bestemmings moet besoek.

(a) Tempel van Olimpiër Zeus

(b) Delphi

(c) Akropolis van Antieke Rhodos

(d) Samaria Gorge

(e) Romeinse Forum

(5 × 2) (10)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D: DIE MIDDE-OOSTE (EGIPTE/ISRAEL/TURKYE)

VRAAG 4

Kies enige EEN van die Midde-Oosterse lande hier bo wat jy bestudeer het en skryf die naam van die land in HOOFLETTERS BO-AAN 'n nuwe bladsy. Beantwoord die vrae wat vir die land van jou keuse gegee word.

4.1 **EGIPTE**

Lees die reisplan op die aangehegte BYLAE C en beantwoord die vrae.

4.1.1 Wat is die naam van die toer? (1)

4.1.2 Waarvandaan vertrek die toer? (1)

4.1.3 Gee Kaïro se bynaam. (1)

4.1.4 Op dag 1 is daar 'n bietjie vrye tyd. Adviseer jou kliënt waarheen hy/sy kan gaan vir 'n fantastiese inkopie-ervaring. (1)

4.1.5 Noem DRIE museums wat ‘n toeris in Kaïro kan besoek. (3)

4.1.6 Noem die manier van vervoer na Luxor. (1)

4.1.7 Noem TWEE tempels wat jy in Luxor kan besoek. (2)

4.1.8 Aan wie is die Karnak-tempel opgedra? (1)

4.1.9 Noem die manier van vervoer van Luxor na Edfu. (1)

4.1.10 Hoeveel maaltye is ingesluit op dag 3? (1)

Kopiereg voorbehou

4.1.11 Waar is Egipte se bes bewaarde tempel? Aan wie is hierdie tempel opgedra? (2)

4.1.12 Beskryf die beplande vermaak op dag 4. (2)

4.1.13 Hoe kom mens van Aswan af by die Botaniese Tuine op Kitchener se Eiland uit? (1)

4.1.14 Verduidelik die betekenis van 'n feloek ('*felucca*'). (2)

4.1.15 Noem die VYF attraksies in Aswan wat jy op dag 6 kan besoek. (5)

4.1.16 Wanneer is die Aswan-dam gebou? (1)

4.1.17 Hoe hoog is die Onvoltooide Obelisk ('Unfinished Obelisk')? (1)

4.1.18 Hoekom is die antieke stad Citadel gebou? (1)

4.1.19 Wie het Tutankhamun se skatte in die 'Vallei van die Konings' ontdek, en wanneer is die skatte ontdek? (2)

OF

4.2 **ISRAEL**

Lees die reisplan op die aangehegte BYLAE D en beantwoord die vrae.

4.2.1 Wat is die naam van die toer? (1)

4.2.2 Waarvandaan vertrek hierdie toer? (1)

4.2.3 Hoeveel nagte gaan jou kliënt in Jerusalem wees? (1)

4.2.4 Watter attraksie in Jerusalem is 'n Wêrelderfenisgebied? (1)

4.2.5 Noem VYF attraksies wat jou kliënt op dag 2 in Jerusalem kan besoek. (5)

4.2.6 Hoekom is die Tuin van Getsemane van groot belang? (2)

4.2.7 Verduidelik die betekenis van die *Via Dolorosa*. (2)

4.2.8 Beskryf die Dooie See. (3)

4.2.9 Hoe bereik mens die antieke vesting waar die Selote ('Zealots') vir die laaste keer teen die Romeine stelling ingeneem het? (1)

4.2.10 Watter hoogtepunte kan op dag 4 in die Ou Stad besoek word? (3)

4.2.11 Waar word die Dooie See-rolle aangetref? (1)

Kopiereg voorbehou

4.2.12 Noem die UNESCO Wêrelderfenisgebiede wat op dag 6 en dag 7 besoek word. (2)

4.2.13 Watter TWEE attraksies kan in die antieke hawestad Seserea gesien word? (2)

4.2.14 Noem en beskryf die TWEE museums wat in Tel Aviv besoek kan word. (2 × 2) (4)

4.2.15 Verduidelik die betekenis van *Tel Aviv.* (1)

OF

4.3 **TURKYE**

Lees die reisplan op die aangehegte BYLAE E en beantwoord die vrae.

4.3.1 Wat is die naam van die toer? (1)

4.3.2 Waarvandaan vertrek hierdie toer? (1)

4.3.3 Is Istanbul die hoofstad van Turkye? (1)

4.3.4 Noem en beskryf DRIE attraksies wat op dag 2 besoek word. (3 × 2) (6)

4.3.5 Hoeveel maaltye is ingesluit op dag 3? (1)

4.3.6 Wat is die belangrikheid van Anzac Cove en Chunuk Bair? (1)

4.3.7 Noem die karakters wat 'n rol gespeel het in die legendariese stad Troje. (4)

4.3.8 Wat dink jy beteken 'n Wees-My-Gas-ete'? (2)

4.3.9 Noem DRIE attraksies wat in Efese gesien kan word. (3)

4.3.10 Waarvoor is Pamukkale beroemd? (2)

4.3.11 Daar word melding gemaak van aandenkings wat by die Grand Bazaar gekoop kan word.

Noem gewilde aandenkings wat daar gekoop kan word. (4)

4.3.12 Watter ander attraksies kan in Istanbul besoek word wat nie in die reisplan vermeld word nie? (4)

[30]

TOTAAL AFDELING D: 30

AFDELING E: VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

AL die vrae in hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

VRAAG 5

5.1 Verwys na jou GSA en ander voorgeskrewe hulpbronne en gee die korrekte inligting vir die tabel hier onder oor die Verenigde State van Amerika.

5.1.1	Hoofstad en IATA-kode			(2)
5.1.2	Tydsone			(1)
5.1.3	Taal			(2)
5.1.4	Beste tyd om te besoek			(1)
5.1.5	Gesondheidsvereistes			(2)
5.1.6	Visavereistes			(2)
5.1.7	Geldeenheid			(1)
5.1.8	Is daar 'n direkte vlug van JNB na die hoofstad hier bo?			(1)
5.1.9	Een GSA in RSA vir Spoorvervoer ('Rail')			(1)
5.1.10	Een GSA in RSA om rond te ry ('Cruising')			(1)

5.2 Verwys na die afbeelding hier onder en beantwoord die vrae.



5.2.1 Waar (stad) word die teken hier bo aangetref?

5.2.2 In watter staat is dit geleë? (1)

5.2.3 Die romantiese naam vir hierdie staat is … (1)

5.2.4 Wat is die hoofattraksie in die stad? Verduidelik hoekom. (2)

5.2.5 Beskryf die kookkuns ('cuisine') vir die spesifieke stad. (3)

5.2.6 Waar sal jy jou kliënte aanraai om inkopies te gaan doen? (2)

5.2.7 Beskryf die klimaat. (2)

5.2.8 Waar is die Los Angeles Internasionale Lughawe geleë? (2)

Kopiereg voorbehou

5.3 **Detroit**

5.3.1	In watter staat is Detroit geleë?	(1)
5.3.2	Noem enige TWEE mere wat die grens van hierdie staat vorm.	(2)
5.3.3	Watter land lê noordoos van dié staat?	(1)
5.3.4	Noem enige TWEE state wat suid van Michigan is.	(2)
5.3.5	Wat is die vernaamste industriële aktiwiteit in Detroit?	(1)
5.3.6	Noem TWEE museums wat betrekking het op die industriële aktiwiteit hier bo.	(2)
5.3.7	Verduidelik hoekom die Motown-museum so beroemd is.	(2)
5.3.8	Waar is die hoofwinkelsentrum in Detroit?	(1)
		[40]


TOTAAL AFDELING E: 40
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A


Mountain peak
International boundary
National boundary
Capital city
Important town
Orkney Islands
Outer Hebrides
Stavanger
Kristiansand
Göteborg
Borås
Jönköping
Norrköping
Linköping
Lake Vänern
Lake Vättern
Skagerrak
Kattegat
Gotland
Öland
Växjö
Kalmar
Halmstad
Ålborg
Karlskrona
Helsingborg
Århus
Copenhagen
Malmö
Esbjerg
Odense
Baltic Sea
North Sea
DENMARK
SCOTLAND
Inverness
Aberdeen
Ben Nevis 1343 m
Dundee
Glasgow
Edinburgh
UNITED KINGDOM
NORTHERN IRELAND
Belfast
REPUBLIC OF IRELAND
Irish Sea
Galway
Limerick
Shannon
Arrow
Dublin
Cork
Cape Clear
Liverpool
Manchester
Leeds
Sheffield
Middlesbrough
Newcastle-upon-Tyne
Pennines
ENGLAND
WALES
Birmingham
Severn
Swansea
Cardiff
Bristol
Oxford
Ipswich
London
Thames
Southampton
Portsmouth
Plymouth
Land's End
English Channel
Strait of Dover
Calais
Lille
Antwerp
Ghent
Brussels
Liège
BELGIUM
NETHERLANDS
Amsterdam
The Hague
Rotterdam
Utrecht
Groningen
Bremerhaven
Hamburg
Bremen
Hannover
Kiel
Lübeck
Rostock
Szczecin
Berlin
Magdeburg
Elbe
Vistula
Warsaw
Poznań
Łódź
Zielonogóra
Oder
Wrocław
POLAND
Munster
Essen
Dortmund
Duisburg
Düsseldorf
Cologne
Bonn
Rhine
Göttingen
Leipzig
Erfurt
Dresden
GERMANY
Frankfurt
Würzburg
Nuremberg
Mannheim
Regensburg
Danube
Prague
CZECH REPUBLIC
Ostrava
Olomouc
Brno
Plzen
Žilina
Kraków
50°00'N
SLOVAKIA
Nitra
Bratislava
Vienna
Linz
Salzburg
Munich
Stuttgart
Freiburg
Strasbourg
Metz
Nancy
Reims
Paris
Seine
Marne
Yonne
Troyes
Amiens
Le Havre
Rouen
Caen
Cape La Hague
Guernsey
Channel Islands (UK)
Jersey
LUXEMBOURG
Luxembourg
Brest
Point St Mathieu
Rennes
Le Mans
Orléans
Loire
Angers
Tours
Indre
Lorient
Belle Island
St Nazaire
Noirmoutier Island
Nantes
Dijon
Besançon
Basel
Zürich
Bern
Vaduz
LIECHTENSTEIN
SWITZERLAND
Innsbruck
Klagenfurt
AUSTRIA
Graz
Lake Balaton
HUNGARY
Gyor
Budapest
Maribor
Pecs
Ljubljana
SLOVENIA
Zagreb
Osijek
CROATIA
Sava
Trieste
Venice
Trento
Verona
Milan
Turin
Padua
Po
Banja Luka
BOSNIA and HERZEGOVINA
Sarajevo
Split
Dubrovnik
ATLANTIC OCEAN
Bay of Biscay
Re Island
La Rochelle
Oléron Island
Niort
FRANCE
Limoges
Angoulême
Clermont-Ferrand
St Étienne
Lyon
Saône
Rhône
Massif Central
Grenoble
Geneva
Mt Blanc 4807 m
Matterhorn 4478 m
The Alps
Lausanne
Lake Geneva
Valence
Bordeaux
Garonne
Dordogne
Lot
Cape Ortegal
Gulf of Gascony
La Coruña
Cape Peñas
Gijón
Santander
Oviedo
Bayonne
San Sebastián
Bilbao
Toulouse
Cape Sterre
Cantabrian Mountains
Vigo
Minho
Orense
León
Vitoria
Pamplona
Pyrenees
Pico de Aneto 3404 m
Burgos
Esla
Ebro
Braga
Douro
Tormes
Valladolid
Salamanca
Coimbra
Guadarrama Range
Mt Penalara 2430 m
Madrid
RTUGAL
SPAIN
Javalambre Mtn 2020 m
Castelló de la Plana
Zaragoza
Lérida
Barcelona
Tarragona
Andorra la Vella
ANDORRA
Perpignan
Pico de Aneto 3404 m
Cape Negro
Minorca
Majorca
Palma
Balearic Islands
Valencia
Gulf of Valencia
Albacete
Ibiza
Cape Nao
Badajoz
Lisbon
Mt Ossa 649 m
Sierra Morena
Guadiana
Guadalquivir
Córdoba
Seville
Jaén
Sierra Nevada
Granada
Mulhacén 3477 m
Elche
Alicante
Murcia
Cartagena
Faro
Huelva
Monchique 902 m
ez de la Frontera
Mediterranean Sea
Gulf of Lions
Nimes
Avignon
Montpellier
Marseille
Toulon
Nice
MONACO
Ligurian Sea
Cape Corse
Corsica
Mt Cinto 2710 m
Ajaccio
Strait of Bonifacio
Sardinia
Marmora 1834 m
Cagliari
Cape Carbonara
Cape Spartivento
Tyrrhenian Sea
Elba
Rome
VATICAN CITY
ITALY
Foggia
Bari
Taranto
Naples
Cape Circeo
Vesuvius 1281 m
Pescara
Ancona
Adriatic Sea
Apennines
Perugia
Livorno
Florence
Parma
Bologna
Piacenza
Genoa
La Spezia
SAN MARINO
Sassari
Messina
Palermo
Sicily
Agrigento
Mt Etna 3323 m
Catania
Siracusa
Cape Blanc
Gulf of Tunis
Cape Bon
0 100 200 kilometres
Scale 1:12 500 000

BYLAE B



BYLAE C

DIE BESTE VAN EGIPTE

Dag 1 – Arriveer in Kaïro
Welkom in Kaïro. Julle word ingewag by die Kaïro-lughawe en na die hotel gebring. Stap deur die antieke, besige strate in die Stad van 'n Duisend Minarette of ontspan lekker na jou reis.

Dag 2 – Bootvaart Kaïro – Luxor – Nyl (4 Nagte)
Vlieg na Luxor en besoek die enorme tempelkompleks by Karnak, waar die Tempel van Amun en die verstommende Laan van die Sfinks gesien kan word. Geniet middagete aan boord van jou luukseboot. Besoek later die Grand Tempel van Luxor voordat jy teruggaan vir aandete op die boot. Buffetontbyt, middagete, aandete.

Dag 3 – Bootvaart op die Nyl: Luxor – Edfu
Ontdek die Vallei van die Konings in die Theban Heuwels wes van die Nyl, waar graftombes vir die magtige edelmanne van die Nuwe Koninkryk gebou is. Besoek die Tempel van Medinet Habou, die graftempel van Ramses III. Bewonder Koningin Hatshepsut se indrukwekkende tempel by Deir el-Bahri. Besigtig ook die Colossi van Memnon, gekerf uit kwartsiet-sandsteen. Seil later na Edfu. Buffetontbyt, middagete, aandete.

Dag 4 – Bootvaart op die Nyl: Edfu – Kom-Ombo
Besoek Egipte se bes bewaarde kultustempel by Edfu, opgedra aan die valkgod Horus. Ontspan en bewonder die natuurskoon terwyl julle stroomop na Kom-Ombo vaar – in 'n duisend jaar het min verander. Trek vanaand tradisionele drag aan en ervaar 'n prettige Egiptiese Dinee en Galabea Partytjie. Buffetontbyt, middagete, aandete.

Dag 5 – Bootvaart op die Nyl: Kom-Ombo – Aswan
Onderneem 'n toer deur die Tempel van Kom-Ombo, opgedra aan die god met die krokodilkop, Sobek. Later, in Aswan, kan jy in 'n tradisionele feloek ('felucca') oor die Nyl seil om die Botaniese Tuine op Kitchener se Eiland te besigtig. 'n Bloedrooi sonsondergang is algemeen in Aswan, en die silhoeëtte van dosyne feloeke daarteen afgebeeld maak dit des te meer asemrowend. Buffetontbyt, middagete, aandete.

Dag 6 – Aan wal – Aswan – Kaïro (3 Nagte)
Gaan aan wal in Aswan om die Hoë Dam (‘High Dam’) te verken. Besoek die Tempel van Isis op die eiland Philae. Besigtig die Onvoltooide Obelisk. Oorweeg later 'n opsionele ervaring van die grootse Sontempel van Abu Simbel – 'n geleentheid wat hom eenkeer in 'n leeftyd voordoen – waar vier reusagtige klipbeelde van Ramses II die tempelingang bewaak. Vanmiddag vlieg ons van Aswan terug na Kaïro. Buffetontbyt.

Dag 7 – Besigtig Kaïro
Duisende jare se geskiedenis word lewend terwyl jy die hele dag besienswaardighede besoek. Besigtig die antieke Citadel, gebou om die stad teen die Kruisvaarders te beskerm. Verstom jou aan die albaste Moskee se ryklik versierde interieur, en aan die Sultan Hassan-moskee, een van die meesterstukke van die Mamluk-argitektuur. Besoek die Hangende Kerk van St. Mary in die Ou Kaïro, en besigtig in die Egiptiese Museum die kosbare skatte van Tutankhamun, wat in 1922 deur Howard Carter in die Vallei van die Konings ontdek is. Die aand is joune om te doen wat jy wil. Buffetontbyt.

Kopiereg voorbehou

BYLAE C (vervolg)

Dag 8 – Kaïro – Piramide-uitstappie
Besigtig die Colossus uit kalksteen van Ramses II, en die reusagtige albaste Sfinks by Memphis. Bewonder die Trap-Piramide ('Step Pyramid') by Sakkara, wat die tydperk van die piramides ingelui het. Verwonder jou aan die Groot Piramide van Giza, een van die sewe wonders van die antieke wêreld. Besigtig die enigmatiese Groot Sfinks – die oudste monumentale beeldhouwerk in die wêreld. Die aand is joune om te doen wat jy wil. Wat van 'n bootvaart op die Nyl met 'n romantiese aandete om jou Kaïro-ervaring af te sluit. Buffetontbyt.

Dag 9 – Vertrek uit Kaïro
Vandag verlaat jy hierdie misterieuse, antieke land. Groet jou reisgenote en reisdirekteur terwyl jy voorberei vir die reis huistoe. Vervoer na lughawe is beskikbaar. Buffetontbyt.

Kopiereg voorbehou

BYLAE D

DIE BESTE VAN ISRAEL

Dag 1 – Arriveer in Tel Aviv – Jerusalem (4 Nagte)
Welkom in Israel. By julle aankoms word julle ingewag en na die hotel in Jerusalem geneem. Jerusalem is een van die oudste stede in die wêreld, en is 'n heilige stad vir drie godsdienste. Ontspan of stap rond in die stad. Geniet saans 'n verwelkomings-drankie saam met jou reisgenote en reisdirekteur. Verwelkomingsonthaal.

Dag 2 – Berg Sion – Die Ou Stad van Jerusalem
Bewonder vanaf die Olyfberg die Ou Stad van Jerusalem met sy mure, wat 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied is. Besoek die graftombe van Koning David op die Berg Sion. Sien die vertrek naby die Sionspoort waar die Laaste Avondmaal plaasgevind het. Loop deur die Joodse Buurt na die Klaagmuur, waar Jode toegelaat word om te bid, en besigtig die Rotskoepel ('Dome of the Rock') op Tempelberg ('Temple Mount'), een van Jerusalem se mees herkenbare landmerke. Dit is voltooi in 691 AE ('CE'), en is gebou om soos die nabygeleë Bisantynse kerke en paleise te lyk. Volg die Stasies van die Kruisweg langs die Via Dolorosa na die 4de-eeuse Kerk van die Heilige Graf ('Church of the Holy Sepulchre'), wat tradisioneel bekend staan as die plek waar die Opstanding van Christus plaasgevind het. Israeliese ontbyt.

Dag 3 – Jerusalem – Dooie See – Qumran – Masada – Jerusalem
Reis deur die Judese Woestyn na die Dooie See, die laagste punt op aarde. Besigtig die plek naby Qumran waar die Dooie See-rolle in 1947 per toeval deur 'n Bedoeïeneseun ontdek is. Na 'n kort rit kan Masada, die treffende vesting bo-op 'n krans, gesien word. Paleise is hier deur Herodes die Grote opgerig, en 'n Romeinse beleg het hier met die massa-selfmoord van meer as 900 mense tot 'n einde gekom. Gebruik die kabelkarretjie om by die antieke vesting uit te kom waar die Selote ('Zealots') vir die laaste keer teen die Romeine stelling ingeneem het. Verken die uitgrawings by Herodes se Paleis en, as daar tyd is, gebruik die geleentheid om in die Dooie See rond te dryf. Geniet later aandete by jou hotel. Israeliese ontbyt, aandete.

Dag 4 – Jerusalem
Gebruik die dag om die besienswaardighede van jou keuse te verken. Daar is 'n magdom attraksies wat besoek kan word, insluitend die Toring van Dawid-museum, die Argeologiese Tuine en die Davidson-sentrum. Besoek 'n paar van die buurte ('districts') in die stad – geniet 'n koppie koffie in die Duitse kolonie, of bestee tyd met die stad se kunstenaars in die Ein Kerem-buurt. Met 3,000 jaar se geskiedenis om te verken bied die Ou Stad verdere hoogtepunte vir jou vrye tyd, insluitend 'n besoek aan die Christian Quarter Road, 'n dakwandeling langs die stad se souk, en 'n besoek aan Hurva-plein, die sosiale middelpunt van die Joodse Buurt. Israeliese ontbyt.

Dag 5 – Nuwe Stad van Jerusalem – Benede-Galilea ('Lower Galilee') (2 Nagte)
Onderneem 'n toer deur Yad Vashem, 'n monument wat die ses milljoen martelare van die Tweede Wêreldoorlog gedenk. Ontdek die 'Shrine of the Book' by die Israel-museum waarin die Dooie See-rolle gehuisves word. Sien die Knesset – Israel se Parlement – en die Givat Ram-kampus van die Hebreeuse Universiteit. Reis deur die Jordaanvallei om by jou tuiste vir die volgende twee nagte, die Kibbutz Hotel, uit te kom. Eet vanaand in jou hotel. Israeliese ontbyt, aandete.

Kopiereg voorbehou

BYLAE D (vervolg)

Dag 6 Uitstappie Megiddo – Nasaret – Kapernaum – Berg van Saligsprekinge ('Mount Of Beatitudes')
Besoek die 'Chariot city' van Megiddo wat bo-op 'n berg geleë is en tot 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied verklaar is, om die uitgrawings van Salomo se Stalle (Solomon's Stables') te besigtig. Verken die Kerk van die Mariaboodskap ('Church of the Annunciation') in Nasaret en besoek die ou sinagoge in Kapernaum, wat na bewering op die huis van St. Petrus gebou is. Gaan verder na die Berg van die Saligsprekinge waar Jesus die Bergrede ('Sermon on the Mount') gelewer het. Eet vanaand in jou hotel. Israeliese ontbyt, aandete.

Dag 7 – Benede-Galilea ('Lower Galilee') – Tzfat – Acre – Haifa – Seserea – Tel Aviv (2 Nagte)
Besoek die antieke sinagoge en die kunstenaarskolonie by Tzfat, een van Judaïsme se Vier Heilige Stede en die geboorteplek van die Kabbalah-beweging. Ontdek die bykans ongeskonde 12de-eeuse ondergrondse Kruisvaarderstad Acre, wat tot 'n UNESCO Wêrelderfenisgebied verklaar is. Bewonder die uitsigte oor die 'Baha'i Shrine' en die pragtige Persiese Tuine by Haifa, geskep as monument ter herinnering aan die stigters van die Baha'i-godsdiens. Besigtig die Romeinse standbeelde, die akwaduk en die Romeinse Teater by die antieke hawestad Seserea. Reis later na die dinamiese en moderne stad Tel Aviv vir 'n verblyf van twee nagte. Israeliese ontbyt.

Dag 8 – Tel Aviv
Gebruik jou eie tyd om die tallose genietinge te ontdek wat Tel Aviv jou kan bied, insluited die Vlooimark, Newe Zedek, die eerste Joodse buurt, die Diaspora-museum, die Eretz Israel-museum, en Tel Aviv se Kunsgallerydistrik. Moenie die Ou Jaffa-hawe misloop nie – dit is waar Jona na bewering aan boord 'n skip gegaan het voor hy deur 'n groot vis ingesluk is. Israeliese ontbyt.

Dag 9 – Vertrek uit Tel Aviv
Na 'n onvergeetlike vakansie in hierdie historiese streek is dit tyd om jou reisgenote te groet terwyl jy gereedmaak om die reis huistoe aan te pak. Vervoer is beskikbaar. Voorwaardes is van toepassing. Israeliese ontbyt.

Kopiereg voorbehou

BYLAE E

HOOGTEPUNTE VAN TURKYE

Dag 1 – Arriveer in Istanbul (2 Nagte)
By jou aankoms word jy na jou hotel gebring. Later ontmoet jy jou reisdirekteur en reisgenote by 'n verwelkomingsonthaal. Verwelkomingsonthaal.

Dag 2 – Besigtig Istanbul
Besoek die indrukwekkende Topkapi-paleis, een van die grootste paleise van die Ottoman-period, met 'n asemrowende ligging wat 'n uitsig bied oor die Bosporus. Verken die manjifieke Hagia Sophia Basilica. Ontdek na middagete die wonders van die Blou Moskee, beroemd vir sy ses minarette en pragtige blou Iznik-teëls. Onderneem 'n toer deur die Bisantynse Hippodroom, waar strydwa-wedrenne en ander sportgeleenthede gehou is. Laastens kan jy 'n vaart langs die asembenemende Bosporus oorweeg met 'n uitsig oor beide die Europese en Asiatiese kant van Istanbul. Buffetontbyt.

Day 3 – Istanbul – Gallipoli – Çanakkale
In Gallipoli kan die Lone Pine-begraafplaas en gevegsterreine, insluitend Anzac Cove en Chunuk Bair, besoek word; van die hewigste gevegte het tydens die Eerste Wêreldoorlog daar plaasgevind. Eet vanaand in jou hotel. Buffetontbyt, aandete.

Dag 4 – Çanakkale – Troy – Pergamon – Izmir
Verken die legendariese stad Troje, wat deur Homer verewig is in die verhale van Koning Priamus, Hector, Paris en die pragtige Helene. Bewonder die argeologiese uitgrawings wat nege aparte nedersettingstydperke blootlê asook die simboliese replika van die hout Trojaanse perd, 'n herinnerig aan die epiese oorlogsmasjien wat in die 13de eeu vC gebou is. Besoek die Asclepion Mediese Sentrum by die antieke koninkryk van Pergamon. Geniet vanmiddag 'n unieke Wees-My-Gas-middagete. Eet vanaand in jou hotel. Buffetontbyt, Wees-My-Gas-ete, aandete.

Dag 5 – Izmir – Efese – Huis van Maagd Maria – Pamukkale
Jou boeiende wandeltog deur die antieke stad Efese sluit in die huis van die Maagd Maria, die Tempel van Hadrian wat deur Medusa se kop bewaak word, en die Groot Teater wat tussen 41 en 117 nC deur die Romeine gebou is en steeds gebruik word. Ontspan en geniet die heerlike warmwaterpoele by jou hotel in Pamukkale. Eet vanaand in jou hotel, en later is 'n opsionele ervaring beskikbaar om te gaan kyk na die mistiese Whirling Dervishes van die Mevlevi-sekte. Buffetontbyt, aandete.

Dag 6 – Pamukkale – Hierapolis – Bursa
Besoek die antieke ruïnes van Hierapolis by Pamukkale, ook beroemd vir sy wit 'Katoenkastele' ('Cotton Castles') wat deur kalksteenbevattende warmwaterbronne ('thermal springs') gevorm is. Sluit jou dag in die stad Bursa af. Eet vanaand in jou hotel. Buffetontbyt, aandete.

Dag 7 – Bursa – Istanbul
Wandel deur die ou symark ('old silk market') en besoek die Groot Moskee. Gaan daarna na Istanbul en maak tyd om in die uitgestrekte, bedrywige Grand Bazaar oor die pryse van aandenkings te kibbel ('haggle'). Sluit vanaand by jou reisgenote aan vir 'n afskeidsete om die einde van julle vakansie te gedenk. Buffetontbyt, afskeidsete.

Dag 8 – Vertrek uit Istanbul
Groet jou reisgenote en vertrek na die lughawe vir jou vlug huis toe. Buffetontbyt.

Kopiereg voorbehou